

Afrikaans...my lewe

Flaterwater. Kafoefel. Wispelturig. Karnallie! Roekeloos...rondomtalie, bollemakisie! Swerkater! Asemrowend! Afrikaans is 'n kleurvolle taal. Dit is die taal waarin ek lag, die taal waarin ek droom, die taal waarin ek bid. Afrikaans is my identiteit.

Die vars oggendreuk kielie my neus. Ek sien die stalletjies, met biltong en boeretroos. Fees word gevier. Almal lag en gesels in die taal wat al vir 425 jaar lank gebruik word. Dít is Afrikaners!

Ek is omring met protea- en springboktafel DOEKE, stroopsoet koeksisters, melktert en Afrikaners... my mense. 'n Afrikaansfees is 'n magneet wat mense aantrek. Dit is nie net Afrikaanssprekendes wat deel het aan Afrikaans nie, maar 'n roesemoes gemeenskap wat dit as hul eie kultuur aangeneem het. Mense van enige taal van heinde en verre word betrek om deel te hê aan hierdie unieke, passievolle taal. Almal lag, gesels en kuier saam in dieselfde taal - ons hartstaal.

Die son het nog nie eers begin om sy kop te knik nie, maar die tyd vir braai het aangebreek. Die tjoppies fluit op die oop vuur. Gesinne van noord en suid en landswyd kuier saam aan tafel. Hartsvriendskappe word in die knetterende vlamme van die vuur gesmee. Om nie te glo dat Afrikaans mense saambring nie, is soos om die slaap te probeer vermy. Die waarheid wen altyd.

Die braaivleis word binne sekondes verorber. Tuisgemaakte botter sypel in die stomende roosterkoeke in. Biltong - 'n stukkie uit ons verlede - verdwyn in 'n oogwink. Melktert (wat as nagereg gekies word) sluit die perfekte dag af.

Soos die man op die maan sy lig aanskakel en ons Luna sigbaar word, die dou op die gras vorm en die aandluggie koel deur jou klere sny, breek 'n nuwe dag aan. Douvoordag begin die boere om hul Kalahari-Ferrari's reg te kry vir die lang rit huiswaarts. Natuurlik, word vetkoeke vir oulaas vir die pad gekoop.

Afrikaans is nie net die taal wat my voorouers gepraat het nie, dit is nié net die taal wat my moeder praat nie. Afrikaans is dié taal waarin ek lag, die taal waarin ek droom, die taal waarin ek bid.

Afrikaans is my identiteit.